# VISUELE TEKSTE


## DEUR MARETHA POTGIETER (ST ANDREW'S COLLEGE, MAKHANDA)


**VRAAG 1 ADVERTENSIE**

Beskou en lees die kykNET-advertensie deeglik voor jy die volgende vrae beantwoord.




(Bron: *Insig*, September 2000)

**Vrae:**

1.1 Waarom, dink jy, het die spraakborrel so 'n vreemde vorm? (1)

1.2 Watter stereotiep word deur hierdie advertensie verbreek? (1)

1.3 Skryf die seun se woorde oor in die indirekte rede. Gebruik slegs Standaardafrikaans in jou antwoord. (2)

1.4 Watter kontras(te) word geskep in die kopie (woorde) onderaan die grafika (visuele)? (2)

1.5 Verduidelik, in jou eie woorde, hoe die grafika by die kopie onder die advertensie aansluit en wat dit oor die produk wat geadverteer word, probeer sê. (2)

1.6 Dink jy dat die kykNET-handelsmerk (logo) en slagspreuk geslaagd is? Verduidelik jou antwoord breedvoerig. (3)

**[11]**

**VRAAG 2: SPOTPRENT**

Die vraag is gebaseer op die spotprent wat op 3 Oktober 2020 in *Die Burger* verskyn het. Googleloer die spotprent by *Die Burger, spotprent, 3 Oktober 2020* of gebruik die skakel:
https://www.netwerk24.com/netwerk24/die-burger-spotprent-3-oktober-2020-20201002

2.1 Wat word deur die "*!@ #" in die spotprent uitgebeeld? (1)

2.2 Waarna verwys die woorde "Psittacus erithacus" (onder die woorde "African Grey") in die spotprent self? (1)

2.3 Watter woord in die spraakborrel het dieselfde betekenis as dit wat die man regs met sy regterhand wys? (1)

2.4 Hoe verskil die juffrou se emosies van die van die kinders? Verduidelik jou antwoord deur na spesifieke aspekte van die juffrou en die kinders se gesigsuitdrukkings te verwys. (2)

2.5 Benoem en verduidelik die funksie van die skryfteken in die woord "Lincolnshire-natuurlewepark" soos hier en in die spotprent gebruik. (2)

2.6 Wat bedoel die muis met sy woorde: "Nee, gits, maak dit 21 …" links onderaan die spotprent? (2)

**[9]**

**Totaal: 20**



***Begripstoets – Graad 10 & 11, Maretha Potgieter (bl. 26)***

**Vraag 1 – Advertensie**

1.1 Dit eggo die buitelyne van die kykNET-logo (*ʼn gemakstoel*) regs onderaan die advertensie. (1)

1.2 Alle seuntjies hou van rugby. (1)

1.3 Die seuntjie sê aan sy pa dat rugby gaaf/lekker (*let op ander werkbare moontlikhede*) is, maar hy hou van ballet. / ... maar dat hy van ballet hou.
Die seuntjie sê aan sy pa rugby is gaaf/lekker, maar hy hou van ballet. (2)

1.4 "bietjie van niks" teenoor "baie van alles" /
"Bietjie" teenoor "baie" asook "niks" teenoor "alles" (2)

1.5 Die seuntjie hou van meer as net rugby en daarom is kykNET die beste kanaal om te kyk omdat jy "baie van alles" daar gaan kry: van rugby tot ballet. Veral ook omdat kykNET die Aardklop-kunstefees borg en so seker maak daar is ʼn verskeidenheid kunste wat ook op die kassie uitgesaai kan word. (2)

1.6 DRIE geloofwaardige motiverings:
Ja, kykNET is iets wat jy by die huis in jou woonkamer sal kyk terwyl jy op ʼn gemaklike stoel sit.
Jy hoef ook net te kyk – jy hoef niks anders te doen nie volgens die naam van die kanaal (al verwys die NET eintlik na die woord "netwerk").
Die woorde "tuis in Afrikaans" sluit ook aan by die gemakstoel omdat jy by die huis daarna kyk, maar ook ʼn "huis" in die Afrikaanse taal op hierdie kanaal het.
Daar is ʼn ster op die stoel wat soos ʼn kussing lyk, wat moontlik sou beteken dit het sterstatus verkry of dat jy al die beste akteurs (sterre) op hierdie kanaal sal sien. (3)

**[11]**

**Vraag 2 – Spotprent**

2.1 Die vloekwoorde van die papegaaie. (1)

2.2 Dit is die wetenskaplike naam (spesienaam) van die African Grey. (1)

2.3 "Hokaai" (1)

2.4 Die juffrou lyk kwaad – haar wenkbroue is saamgetrek en sy wys aanvallend met haar linkerhand na die papegaaihok.
Die kinders lyk verbaas/teleurgesteld/hartseer – hulle oë is oop en wenkbroue is opgetrek en hulle mondjies hang afwaarts. (2)

2.5 Koppelteken – verbinding met ʼn vreemde woord / pleknaam. (2)

2.6 Die muis bedoel die ouderdomsperk moenie net 18 wees nie, maar 21 omdat die woorde wat die papegaaie gebruik so vreeslik aanstootlik is. (2)

**[9]**